# <u>Die “wegraping” (03-11-2024)</u>

Die “wegraping” is ‘n geloof onder sommige Christene wat glo dat alle gelowiges deur Yahshua weggeraap gaan word en dan saam met Hom hemel toe gaan en dit gebeur met sy tweede koms. Hulle glo hierdie is ‘n geheime koms en Hy self sal nie geopenbaar wees nie, maar mense sal net in die lug in verdwyn. Hierdie geloof is gebaseer op *1 Thessalonicense 4:17 Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.*

Volgens die Bybel is dit korrek en gaan mense Hom wel tegemoet in die lug, maar daar is bewerings deur die “wegraping”-geloof wat nie deur die Bybel ondersteun word nie. Die vorige twee verse van

*1 Thessalonicense 4:15-16 sê: Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. (16) Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.*

Hoewel die geloof van die “wegraping” verklaar dat dit ‘n geheime koms is en Yahshua nie gesien gaan word nie, sê die Bybel dat Hy gaan neerdaal met die roep van ‘n aartsengel en die geklank van die basuin van God. Dit lyk dus of daar wel mense gaan wees wat in die lug opgaan, maar daar dan die verskyning van Yahshua gaan wees. As vers 16 praat van sy wederkoms en vers 18 van mense wat Hom in die lug tegemoet gaan, is dit tog dieselfde gebeurtenis.

Hoewel dit uit hierdie Skrifgedeeltes duidelik is dat dit dieselfde gebeurtenis is, het die geloof van die “wegraping” dit verander na ‘n aparte gebeurtenis. Die “wegraping” word nou die “tweede koms” wat in die geheim gebeur en dan is daar ‘n “derde koms” wanneer Hy terugkom aarde toe en Homself openbaar. <u>Hoewel daar geen ondersteuning van die Bybel is vir hierdie geloof nie, is dit tog die algemene aanvaarde gebeure tydens die koms van die Christus.</u>

Volgens hierdie geloof word die Christene weggeneem voordat die groot verdrukking gebeur, sodat hulle nie deur die verdrukking moet gaan nie. *Matthéüs 24:29-31 En dadelik ná die verdrukking van daardie dae **<u>1:</u>** sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word. (30) En **<u>2:</u>** dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid. (31) **<u>3:</u>** En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompet geluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.*

Hoewel hierdie Skrifte gebruik word om die “wegraping” te motiveer as ‘n gebeurtenis vóór die groot verdrukking, is die kronologie van die gedeelte in die teenoorgestelde volgorde.

1. Die groot verdrukking.
2. Die teken van die Seun van die mens in die wolke.
3. Sy engele gaan haal sy uitverkorenes.

Volgens die Skrif is daar ‘n groot verdrukking, maar die uitverkorenes gaan deel daarvan wees. Ná die verdrukking gaan Yahshua kom op die wolke, en dán eers gaan sy uitverkorenes Hom in die lug tegemoet.

Volgens die “wegraping”-geloof gaan die uitverkorenes dus tydelik hemel toe terwyl die groot verdrukking op die aarde gebeur. Die groot verdrukking gaan plaasvind deur ‘n sogenaamde “mens van sonde”, die Antichris. ***2 Thessalonicense** 2:3-4  Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf  (4) die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is. **1 Johannes** 2:18  Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is. **1 Johannes** 2:22  Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën. **1 Johannes** 4:3  en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld.*

Volgens die “wegraping”-teorie gaan die Antichris dan sy eie koninkryk vestig en dan die groot verdrukking veroorsaak . Vir sewe en ‘n half jaar gaan hy regeer as heerser oor die hele aarde en verkondig dat hy die ware Christus is. In hierdie tyd gaan daar geen Christene op die aarde wees nie, want hulle gaan in die hemel bewaar word. Hierdie geloof rondom die Antichris is egter ook nie in die Bybel nie, maar deur inlegkunde, is dit ‘n geloof gemaak wat nie in die Bybel is nie.

## Wie is die Antichris dan?

- Die Antichris sit in die tempel van God en gee voor dat hy God is. ***1 Korinthiërs** 3:16  Weet julle nie dat julle ‘n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie? **1 Korinthiërs** 6:19  Of weet julle nie dat julle liggaam ‘n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie?* Die verkondigers van die “wegraping”-teorie glo verder dat die Antichris die tempel van die ou verbond in Jerusalem gaan herbou en dan gaan hy vanuit daardie sogenaamde “derde tempel” regeer en voorgee dat hy God is.
- **Esegiël** 40 tot 48 het ‘n detail beskrywing van hoe die tempel moet lyk wat gebou moet word. Hierdie hoofstukke word nou deur die “wegraping”-teorie mense gebruik om te bewys dat daar ‘n “derde tempel” gebou sal word voordat Yahshua terug kom aarde toe en die mens van sonde sal dan in daardie tempel sit. Kronologies gaan **Esegiël** 39 oor die Gog en die Magog wat aan die einde van Yahshua se duisend jaar regering optrek om Jerusalem te verwoes en die volk van Yahshua saam met Hom te vernietig. Natuurlik word hulle in die oorlog verwoes en dan gee Yahshua die volmaak-herstelde skepping terug aan die Vader.
- Na hoofstuk 39 is dit dan hoofstuk 40 wat praat oor die herstel van die tempel en dit is wat die verwarring veroorsaak. Esegiël profeteer kronologiese van **1:** die herstel van God se volk en die

**<u>2:</u>** wederkoms van Yahshua en dan sy **<u>3:</u>** regering op die aarde en dan die **<u>4:</u>** opstand van Gog en Magog aan die einde van sy regering, en dan die **<u>5:</u>** herstel van die tempel.

- Hierdie letterlike argitek bloudruk van die tempel is nie die herstel van die "derde tempel" nie, maar van die tweede tempel. Esegiël is 'n profeet tydens die Babiloniese ballingskap. Die ballingskap was net vir sewentig jaar en daarna gaan Juda terug na hulle land en gaan hulle die land weer opbou. Na sewentig jaar is daar nie meer iemand tussen hulle wat weet hoe die tempel gelyk het nie en daarom gee hoofstuk 40 tot 48 detail inligting van hoe hulle die tempel moet herbou.

## <u>Wie is die Antichris dus?</u>

- <u>Hy gee voor dat hy God is en is in die plek van die ware Christus is</u>. Hy is téén die ware Christus. Hy is in die plek van Christus; 'n alternatief van die ware. Daar is baie Antichriste. Dit is enige persoon wat verskil met die ware Christus en 'n ander evangelie verkondig as wat die ware Christus verkondig het. ***Galásiërs*** *1:8-10 Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees! (9) Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom 'n vervloeking wees! (10)* ***Soek ek dan nou die guns van mense, of van God?*** *Of probeer ek om mense te behaag? As ek nog mense behaag, dan sou ek nie 'n dienskneg van Christus wees nie.*
- <u>Hy sit in die tempel van God</u>. Omdat ons die tempel van God is en die Heilige Gees in ons liggaam bly sal die Antichris daardie plek van God vat. Ons is die tempel van God en in plaas dat Christus in ons hart woon, woon 'n vals Christus; 'n Antichris met 'n vals evangelie in ons hart. ***Mattheüs*** *24:5 Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei.* ***Mattheüs*** *24:11 En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei.*
- Die mens van sonde is die Pous en is die groot Antichris wat 'n ander evangelie verkondig, die evangelie dat die kerk 'n instelling van God is en 'n weg tot saligheid. Hy was geopenbaar as die een wat gesê het hy is in die plek van Christus en die verteenwoordiger van God op die aarde. Nog baie ander het na hom gekom en gesê: "Hier is die Christus" en "ek is die Christus", "verlossing is in die kerk en nie in Christus nie", is die woorde van die Antichris.

## <u>Waar kom die verwarring van die "wegraping" dan vandaan?</u>

Daar is wel 'n tyd wanneer die uitverkorenes van Yahshua Hom in die lug tegemoet sal gaan, maar hulle gaan nie weg nie, hulle gaan Hom in die lug tegemoet en kom dan saam met Hom terug aarde toe. Die tydperk wanneer hierdie gebeur is met sy tweede koms wat gepaard gaan met harde trompet

geluid. Nie ‘n geheime koms nie. Hy is dus op pad na óns toe. Sy uitverkorenes gaan Hom dan in die lug tegemoet en kom dan saam met Hom terug en so sal hulle altyd by Hom wees. Wanneer hulle Hom in die lug tegemoet gaan, word hulle liggame verander en hulle kry ‘n nuwe, verheerlikte liggaam.

***1 Korinthiërs*** *15: 52 in ‘n oomblik, in ‘n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. (53) Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word. (54) En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning.*

Beteken dit dan dat hulle wat Hom in die lug tegemoet gaan nie in die groot verdrukking gaan wees nie? ***Matthéüs*** *24: 6* ***1:*** *En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. (7)* ***2:*** *Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke. (8) Maar al hierdie dinge is ‘n begin van die smarte. (9)* ***3:*** *Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam. (10) En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat. (11) En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei. (12) En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel. (13)* ***4:*** *Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.*

Daar is egter ‘n verskil tussen die groot verdrukking en die oordele van Yahshua wat Hy oor die bewoners van die aarde gaan uitstort. Hierdie oordele van wraak deur Hom, vind plaas ná sy wederkoms en die groot verdrukking vind plaas vóór sy wederkoms.

DAAR STAAN ÓÓK GESKRYWE